

FABASA

NALATENSKAP gaan nie net oor wat ons VIR ons kinders nalaat nie, maar veral ook oor wat ons IN ons kinders nalaat.

'n WENKULTUUR is jou KOSBAARSTE NALATENSKAP

André Diederichs

FAMILIEONDERNEMING- WENKE

In die vorige nuusbrief was die boek, NALATENSKAP, bekend gestel. Die boek was binne ses weke in tweede druk. Dis genade! Jou kosbaarste NALATENSKAP is om vir jou nageslag 'n WENKULTUUR te vestig.

Tydens 'n vergadering met Gareth Ackerman van Pick n Pay het hy aan ons verduidelik hoe moeilik dit vir hulle was om hulle sakestrategie aan te pas. Die kultuur in Pick 'n Pay was teenstrydig met die nuwe-manier-van-dinge-doen. Sy woorde was, "Culture eats strategy for breakfast."

Familieondernemings ontwikkel oor tyd 'n KULTUUR van hoe dinge gedoen word. As die KULTUUR op GOEIE GEWOONTES (PRAKTYKE) gebasseer word, dan skep ons 'n WENKULTUUR. Sou SLEGTE GEWOONTES egter oor tyd gevestig raak, dan skep ons 'n VERLOOR-KULTUUR.

Kinders wat betrokke raak by die familieonderneming kan soms kanse vat omdat hulle mag dink dat dit hulle reg is en dat die familieonderneming hulle erfenis is.

Pasop hiervoor! Dit skep 'n kultuur van kanse neem want ander werknemers, familielede en nie-familie, kan die slegte gewoontes begin na-aap sonder rede of begrip. "Monkey see, Monkey do."

NALATENSKAP het 'n veel dieper betekenis as om net materiële bates te erf. **NALATENSKAP gaan nie net oor wat ons VIR ons kinders nalaat nie, maar veral ook oor wat ons IN ons kinders nalaat.**

Dit gaan oor lewensvaardighede en diepgewortelde waardes wat jou nageslag in staat stel om die familieonderneming volhoubaar te groei vir die generasie wat sal volg.

Kallie Schoeman, van die Schoeman-familieboerdery, verduidelik dit so aan die jongboere: "Wat belangrik is in ons waardestelsel van elke familie, en spesifiek by ons, is dat die grond nie aan ons behoort nie, ons behoort aan die grond. **Ons is slegs die rentmeesters wat dit in 'n beter toestand moet agterlaat vir ons ongebore nageslag."**

Die boek NALATENSKAP is gebaseer op die skrywer se uitgebreide ervaring van die soet en suur wat in familieondernemings afspeel. Die boek sluit werklike en fiktiewe karakters in.

Daar is werklike karakters na wie net verwys word en dan is daar ook werklike karakters wat 'n prominente rol in die verhaal speel: byvoorbeeld,

Fanie van der Merwe van Boplaas 1743, die oudste familieonderneming in Suid-Afrika, die Duitse Thiele-familie in Lüneburg, Leon Diederichs en hulle familieonderneming in Somerset-Wes, en Willie Nel van Moolmanshoek in die Oos-Vrystaat.

Die verhaal is egter oorwegend fiktief, met baie drama en intriges oor die impak van verkeerde keuses, maar ook om die impak van goeie praktyke te illustreer.

Ons moet onthou dat negatiewe keuses, net soos positiewe keuses, maklik na die volgende generasie oorgedra word en dat die vrug van hierdie keuses wat ons saai in ons nageslagte wortel sal skiet. Ons moet ook leer om die uitkoms van verkeerde keuses aan te spreek of reg te stel.

'n Wen-kultuur begin by die familie se kernwaardes. Families het normaalweg waardes wat hoogs persoonlik is. Dit is belangrik dat die familie ooreenkom oor hulle kernwaardes en dat hierdie waardes in die werksplek toegepas word. Indien dit effektief toegepas word, sal dit oor tyd lei tot gedeelde oortuigings, houdings en ideale wat die familieonderneming infiltreer.

Waardes moet egter beide geloofwaardig en konsekwent wees. Die familie moet glo in die waardes alvorens dit blywend sal wees.

Die waardes moet die toets van die tyd deurstaan, soortgelyk as 'n huweliksbelofte – vir beter vir slegter, vir ryker, vir armer, in siekte en in gesondheid. Slegs dan kan die waardes die kultuur van die sakeonderneming infiltreer.

Om 'n WENKULTUUR, en daarom 'n GOEIE NALATENSKAP te verseker, is dit belangrik om onderskeid tussen goeie en slegte gewoontes in jou familieonderneming te tref.

Maak 'n lys van goeie en slegte gewoontes. Onthou, dit is dikwels die klein-jakkalsies wat die wingerd afbreek. As dit onverpoosd voortgaan vorm dit 'n slegte gewoonte wat soos kanker deur jou familieonderneming kan versprei.

Byvoorbeeld, 'n familielid wat gereeld nie betyds vir werk opdaag nie. Ander werknemers kan vinnig begin glo, "dis die manier van dinge doen," en die gewoonte begin navolg en so vestig.

Om te verseker dat jy bestaande goeie gewoontes bevorder en slegte gewoontes aanspreek, verdeel dit in die volgende drie kategorieë:

- Lys die positiewe gewoontes wat waarde toevoeg en moet voortgaan.
- Lys die negatiewe gewoontes wat waarde vernietig en gestaak moet word.
- Lys ook goeie gewoontes wat waarde kan toevoeg maar wat tans nie bestaan nie en begin moet word.

In 'n volgende nuusbrief sal ons fokus op die belangrikheid van RENTMEESTERSKAP, om 'n goeie NALATENSKAP te verseker.

Die boek NALATENSKAP, word opgedra aan familieondernemings wat as rentmeesters 'n toekoms vir hul nageslagte verseker. Carl van der Merwe van Boplaas 1743, die oudste familieonderneming in Suid-Afrika, het tereg gesê: "Ons word van generasie tot generasie geleer dat die plaas nie aan ons generasie behoort nie. Dit word by ons kinders geleen."

Meer detail oor die boek kan verkry word op hierdie YouTube skakel: https://youtu.be/l_Fcv9hDgmg

Die boek kan op Naledi se webwerf bestel word by https://naledi.co.za/product/nalatenskap/

Van die lesers

wat Nalatenskap bestel het